

# Die Maandag voor Jesus gekruisig is!

(Markus 11:12-26)

Op die Maandag het die tempelreiniging en die vervloeking van die vyeboom plaasgevind.

So, kom ons kyk na die tempelreiniging wat in Markus 11:15-19 beskryf word.

Die doel van die tempel was dat mense God daar kon aanbid en dit moes mense aanspoor tot godsdienstige vrug. Ongelukkig het die godsdienstige leiers die tempel misbruik vir materiële vrug.

Ons lees hier van die **geldwisselaars**: Die geldwisselaars was daar om die geld van ander lande om te ruil, maar hulle het die wisselkoers so aangepas dat hulle self voordeel daaruit kon trek.

Ons lees dan ook van die **duiweverkopers**: Die duiweverkopers het buitensporige pryse gevra vir die offerdiere wat hulle verkoop het om te offer. Dit het uit en uit gegaan om wins te maak en so het hulle die volk uitgebyt.

Daarom het Jesus hierdie handelaars uit die tempel gejaag, en Hy het niemand toegelaat om iets oor die tempelplein te dra nie, want tempelplein was die plek waar die nie-Jode veronderstel was om te aanbid. Met al die stalletjies en tafels is hierdie mense verhinder om God daar te aanbid.

Daarom sê Jesus dat die tempel 'n huis van gebed vir al die nasies is. Dit terwyl die leiers van die volk die nasies verhinder om God te aanbid.

Ons wêreldse ambisies kan maklik die oorsaak daarvan wees dat ons ook soos die leiers van die volk die punt mis. Die lewe gaan nie daarvoor om geld te maak en 'n gerieflike lewe te leef nie. Ons is hier geplaas om God te aanbid en ander te lei tot aanbidding.

Net soos Jesus hierdie Jode tot stilstand geruk het, so word ons op 'n soortgelyke wyse tot stilstand geruk deur die Korona-Virus. Waarmee is ons besig?

Ons moet vrug dra wat wys dat ons Jesus ken of ons sal ook soos die vyeboom vervloek word en sterf! (vgl. Mark. 11:20)

Daarom roep die Here ons om stil te word. Kyk wat was Jesus bereid om vir ons te doen. Hy is in ons plek vervloek. Sy kruisiging is die resultaat van ons Sonde. Hy was bereid om in ons plek vervloek te word, sodat ons kinders van God kan wees.

Ons leef in genade tyd. Fokus daarom weer opnuut op Hom.

Indien Jesus bereid was om vir ons daardie opofferings te maak, omdat Hy ons liefhet, hoe kan ons Hom tweede stel in ons lewe? Ons hoogste ambisie moet wees om Hom te eer en te dien.

Dit was Jesus se ambisie om ons te red, nou moet dit ons ambisie wees om Hom te aanbid uit dankbaarheid.